IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA 141/84

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

ELIAS MOTSHABI .................... Eerste Appellant

JOHANNES DIKWEKWI ................ Tweede Appellant

EN

DIE STAAT ........................ Respondent

Coram: RABIE, HR, CILLIé, AR et VIVIER, Wn AR

Verhoor: 20 November 1984

Gelewer: 28 November 1984

---

U I T S P R A A K

CILLIé, AR :

Die twee appellante het in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling tereggestaan op 'n

aanklag .... / 2

aanklag dat hulle op 28 November 1983 te Bainsvlei, Bloemfontein, die misdaad van roof gepleeg het en dat daar verswarende omstandighede by die pleging van die misdaad aanwesig was. Hulle het skuldig gepleit. Na die aanhoor van getuienis is hulle skuldig bevind soos aangekla en ter dood veroordeel. Met verlof van die verhoorhof appelleer hulle teen die vonnisse wat hulle opgelê is.

Ten aanvang is dit nodig om kortliks na die misdaad en ook na die getuies te verwys. Die twee appellante het teen ongeveer agtuur die betrokke aand by die plaashuis van mnr en mev A J de Villiers ingebreek, 'n terreuraanval van amper drie uur lank op die twee inwoners gedoen, hulle

ernstig beseer en van R310 en 'n pistool beroof.

Die vyftigjarige mev De Villiers het getuig hoe sy deur die twee appellante beseer is terwyl sy geen weerstand gebied het nie. Dr P J C Buys het haar laat die nag van die aanval behandel. Volgens hom het sy 'n neusfraktuur gehad, een skeurwond aan haar onderlip en 'n ander aan haar linker-wenkbrou. Haar oë was toe-geswel en dit het later geblyk dat sy as gevolg van die beserings aan die oogkas dubbelsigtig was. Die laasgenoemde toestand het haar ten tyde van die verhoor nog gepla. Haar twee-en-tagtig jarige man kon nie getuig nie. Volgens 'n getuie, dr S P M Mulder, sou hy sekerlik gesterf het as hy nie na die aanval mediese hulp

ontvang het nie. Hy het 'n steekwond van ses sentimeter lank in sy linkerflank gehad; sy ingewande het by die wond uitgepeul. Sy kop was vol kneus- en skaafwonde en daar was ook 'n skedelbasisfraktuur agter sy oë. Sy vrou het getuig dat hy voor die aanval 'n normale lewe gelei het, sy eie motor bestuur en betreklike lang afstande gestap het terwyl hy ook sy eie sake kon behartig. Maar ten tyde van die verhoor, en die geneesheer stem met haar saam hieroor, was hy "heeltemal 'n afhanklike, verstandelose mens. Hy weet nie wat aangaan nie." Hy moes, onder andere, deur die neus gevoed word. Later is hy permanent opgeneem in 'n inrigting vir verswakte bejaardes.

Albei die appellante het getuig. Hulle het erken dat hulle by die huis ingebreek en die inwoners aangerand en beroof het. Maar die een pak die skuld op die ander en elkeen beweer dat die ander een die plan gemaak het, die leier was en die opdragte gegee het. Deur hierdie getuienis word geeneen van hulle verontskuldig nie want die een het hom onteenseglik met die ander se optrede vereenselwig. Die verhoorhof het tereg bevind "dat hulle mededaders was en dat albei skuldig is aan die misdaad van roof."

Die verswarende omstandighede wat, volgens die verhoorhof by die roof aanwesig was, blyk uit die volgende: Die twee appellante het

die inbraak en rooftog breedvoerig bespreek en beplan. So het hulle, byvoorbeeld, op pad na die plaashuis elkeen twee stukkies doringdraad opgetel en saamgeneem; daarmee sou hulle later die twee slagoffers vasbind. Hulle het die inwoners van die huis deur 'n venster dopgehou en geweet dat die dame en die bejaarde man alleen tuis was. Die eerste appellant het 'n mes in sy besit gehad en die tweede appellant het dit geweet voordat hulle die huis binnegegaan het. Laasgenoemde het 'n klip as wapen saamgeneem. Die omstandighede met betrekking tot hierdie klip is insiggewend. Die tweede appellant het gesê dat sy makker hom opdrag gegee het om die klip op te tel. Hy het dit toe

gedoen maar toe hulle reeds deur 'n oop venster in die huis ingeklim het, het hy besef dat hy die klip buite laat lê het. Die eerste appèllant het hom aangesê om die klip te gaan haal. Daarop het hy by die venster uitgeklim en teruggekom met die klip terwyl die eerste appellant vir hom binne gewag het. Hieruit blyk nie slegs dat albei die appellante van die klip as 'n belangrike wapen bewus was nie, maar ook dat die tweede appellant wat, na sy eie bewering, onder dwang van die eerste appellant opgetree het, hier 'n goeie geleentheid gehad het om hom uit die voete te maak. Dit het hy nie gedoen nie. Hy het erken dat hy mev De Villiers met die klip in die gesig geslaan

het.

Dit was nie die enigste aanval op mev De Villiers nie. Sy is herhaaldelik deur albei die appellante met die vuis in die gesig en op die lyf geslaan. Die beserings wat sy opgedoen het is reeds genoem. Toe die geleentheid hom voordoen om te vlug, het sy uit die huis uit gehardloop. Die appellante het haar agtervolg. Toe hulle haar jaag en vang, is al haar klere van haar lyf afgeskeur met die uitsondering van haar broekie. So is sy teruggebring. Haar hande is agter haar rug met die doringdraad wat hulle opgetel het, vasgebind. Plekke waar die "dorings" of stekels haar beseer het, is later opgemerk. Tydens hierdie

bedrywighede .... / 9

bedrywighede het een van die appellante opgemerk dat hy met haar gemeenskap wou hê. Sy het hom met sukses gesmeek om dit nie te doen nie. Sy is in 'n muurkas geprop en toegesluit. Volledigheidshalwe kan net bygevoeg word dat sy later, toe alles in die huis stil geword het, die kas oopgeskop het. Sy het uitgeklim en vasgestel dat haar man nog leef. Vasgebind en gekleed soos sy was, het sy in die reën en modder na die huise van hulle werknemers gestrompel. Haar mond was te seer om hulle te roep. Van die werkers het haar arms losgemaak maar was blykbaar so bevrees dat hulle haar nie huis toe wou vergesel nie. Sy het alleen na die huis teruggegaan.

Sy het die drade van haar man se arms afgehaal en hom gemaklik gemaak. Sy het uitgevind dat die gehoorbuis van die telefoon afgesny en weg was. Die appellante het hiervoor gesorg. Met haar motor het mev De Villiers toe na haar broer, sowat twee kilometer daarvandaan, gery en hulp ontbied.

Mnr De Villiers, wat 'n mate van weerstand getoon het, is met die intrapslag met die mes in die maag gesteek. Hy het op die vloer geval. Die verhoorhof het die getuienis van mev De Villiers aanvaar naamlik dat albei appellante die gewonde mnr De Villiers herhaaldelik teen die kop geskop het totdat hy bewusteloos

was. Daar is steun vir hierdie getuienis in die bevinding van die geneesheer wat hom ondersoek en die wonde en merke aan sy kop gevind het. Sy arms is ook deur die appellante met doringdraad vasgebind. Die appellante het dit erken maar kon geen aanvaarbare rede gee waarom hulle 'n man wat so ernstig beseer was en magteloos op die grond gelê het, moes skop en met doringdraad vasbind nie. Hulle het probeer om hom ook in 'n muurkas te druk maar kon nie daarin slaag nie.

Uit hierdie feite het die verhoorhof tereg tot die beslissing gekom dat daar verswarende omstandighede by die pleging van die misdaad aanwesig was. Derhalwe kon die verhoorhof

die appellante kragtens die bepalings van art 277(1)(c) (i) van die Strafproseswet, no 51 van 1977, die doodstraf oplê. By die besluit of so'n vonnis geregverdig is en of 'n mindere vonnis nie van pas sou wees nie, is dit nodig om al die relevante omstandighede van die saak en ook van die skuldigbevondenes saam met die verswarende omstandighede waaroor reeds besluit is, in oorweging te neem. Die volgende aangeleenthede is ten opsigte van so'n besluit oor die eerste appellant se straf aan hierdie hof voorgelê.

Ten eerste is daarop gewys dat dié appellant "op die dag van die voorval sterk drank gedrink het." Hy het getuig dat hy in die

loop van die dag alleen vyf "quarts" bier gedrink het en vier saam met die tweede appellant. In antwoord op 'n vraag wat sy toestand was toe hy om agtuur die aand op mnr De Villiers se plaas aangekom het, het hy gesê:

> "Ek was nog reg gewees. Alhoewel ek gedrink gewees het, was ek nie so sterk onder die invloed van drank gewees nie."

Dit wil nie voorkom asof hierdie appellant se drankinname op die bepaalde dag, toe hy nog planne vir die rooftog kon smee, van noemenswaardige belang by die oorweging van sy straf kan wees nie.

Ten tweede is aangevoer dat daar nie gesê kan word dat hy nie gerehabiliteer kan word nie. Die appellant het vyf vorige

veroordelings; drie van diefstal, een van huisbraak en diefstal en een van ontsnapping. Daar is geen getuienis van moontlike, of onwaarskynlike rehabilitasie nie. Soos reeds in hierdie Hof bevind is, is die moontlikheid van rehabilitasie ook nie van deurslaggewende belang nie.

Ten derde is daarop gewys dat die werklike geroofde bedrag betreklik klein was. Die belangrikheid van hierdie feit krimp aansienlik as die manier waarop die rooftog uitgevoer is, in ag geneem word.

Ten vierde is aangevoer dat die eerste appellant "nog relatief jeugdig is." Sy ouderdom is weliswaar as tussen twintig en vier-en-

twintig jaar geskat, maar sy misdaadsgeskiedenis het volgens sy vorige veroordelings reeds in 1971 begin en sy optrede in verband met die rooftog het beslis selfstandig en volwasse voorgekom.

Met betrekking tot die tweede appellant is die volgende omstandighede aan hierdie hof voorgelê: Ten eerste is daar sy jeugdigheid. Die distriksgeneesheer het sy ouderdom op tussen 18 en 22 jaar geskat; hy het self gesê dat hy een-en-twintig jaar oud was. Die moontlikheid dat ander hom as 'n onvolwasse jeugdige sou beïnvloed, word deur sy selfstandige optrede uitgesluit. Die verhoorhof het dan ook bevind dat hy die leiding by die plaashuis geneem het en

dat .... / 16

dat hy waarskynlik die een was wat voorgestel het dat hulle mnr en mev De Villiers gaan beroof. Daar was geen aanduiding in sy optrede dat hy enigsins onder dwang verkeer het nie.

Ten tweede is aangevoer dat hierdie appellant geen vorige veroordelings het en dit derhalwe nie gesê kan word dat hy nie rehabiliteerbaar is nie. Daar is betoog dat 'n termyn gevangenisstraf dus die aangewese straf sou wees. By die oorweging van hierdie aangeleentheid moet nie uit die oog verloor word nie dat die uiterste straf nie deur die moontlikheid van rehabilitasie uitgeskakel word nie. Hierdie moontlikheid moet egter by die finale beslissing oor 'n gepaste

straf ook in aanmerking geneem word.

'n Beskouing van al die omstandighede namens die twee appellante voorgelê sowel as dié wat reeds as verswarend bestempel is, het my tot die gevolgtrekking gedwing dat die vonnisse wat die verhoorregter opgelê het, nie onvanpas of buitensporig is nie. Daar kan nie gesê word dat hulle vonnisse is wat nie redelikerwys deur 'n hof opgelê sou word nie.

Ten slotte kan net bygevoeg word dat daar geen mistasting of onreëlmatigheid in die afhandeling van die verhoor voorgekom het nie. Om al die genoemde redes kan die appèl na my mening nie slaag nie.

Die .... / 18

Die appèl word afgewys.

P M CILLIé, AR

RABIE, HR )
stem saam
VIVIER, Wn AR)